Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2024-08-26

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 15/2024

PERSONEEL

Onderwysers: Juf. Shene Coertze (Gr. RR) verlaat ons aan die einde van die kwartaal. Ons wens haar alle sterkte toe en bedank haar vir haar bydrae hier by ons skool.

Posteadvertensies: Die skool gaan volgende week Grondslagfase sowel as Intersenfase onderwysposte vir 2025 adverteer. Versprei dit asb. op u sosiale netwerke. Baie dankie.

AKADEMIES

Kodering en Robotika: Ons K&R-span, die *STULTING CYBER SQUAD*, bestaande uit William Basson, Johan van Tonder en Chadley Lucas onder leiding van mnr. Tiaan en juf. Carla, het op 3 Augustus 2024 aan die *World Robot Olympiad* (WRO) in Grahamstad deelgeneem. Ons span het uitstekend gevaar en is derhalwe uitgenooi om op 13 September 2024 in Johannesburg aan die Finale van die WRO deel te neem. Ons span is tans 6de op die ranglys van spanne in SA en 1ste en enigste in die Oos-Kaap. *Stulting Trots!!*

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

SPORT

Stulting Sportnaweek: Ons 38ste jaarlikse sportnaweek vind volgende naweek op 30 en 31 Augustus 2024 plaas. Ons ontvang hierdie jaar 32-spanne. Vrydag vind die skaak en kodering & robotika en sommige tenniswedstryde by ons skool plaas. Die res van die tenniswedstryde word op die HS Nico Malan se bane gespeel. Saterdag vind die rugby- en netbalwedstryde op die sportgronde van HS Nico Malan plaas.

Vrydag 30 Augustus 2024: Weens die wedstryde wat reeds om 09:00 begin en die betrokkenheid van al die personeel, is daar Vrydag geen skool vir ons leerders nie. Slegs die leerders wat aan Vrydag se aktiwiteite deelneem moet vroegtydig soos gereël by die skool wees.

OP Rugby: Alex-Zander Botha is gekies vir die OP 7's rugbyspan.

OP Gimnastiek: Die volgende leerders is gekies om die OP Tuimel- en Trampolienspan in Kaapstad by die jaarlikse SA Gimnastiek Spele te verteenwoordig. Hulle is: Leani Knoesen, Dewald Duvenage en Luan Geldenhuys. Veels geluk!

KULTUUR

ATKV Redenaars – Finaal: Amé Spangenberg het op 12 Augustus 2024 in Klein Kariba (Bela-Bela) aan die finale deelgeneem. Amé het pragtig gepraat, en Top 15 behaal.

Despatch Kunstefees: Ons is baie trots op ons leerders wat uitgenooi is om op 15 Augustus aan die prestige-aand deel te neem. Deelnemers sluit in: Gr. 2 Spreekkoor, Juniorkoor, Liviané van Niekerk, JC Vermaak (ook beste junior deelnemer), Amé Spangenberg en Dané du Plessis.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Dans: Liviané van Niekerk (twee dubbel-goud toekenning) en Shanique Ruiters (goud) het aan die Friendly Dance Festival deelgeneem en pragtig presteer. Geluk!

ALGEMEEN

Herwinning: Verlede jaar het die skool R 25 000 asook 40 nuwe skoolbanke in die herwinningsprojek gewen. Vanjaar se kompetisie begin weer op 1 September en duur tot einde November. Bring asb. weer leë Teta-Pak bottels skooltoe. Doen asb die volgende:

1. Bring ‘n leë Tetra-Pak houer
2. Druk die houer plat en plaas die doppie terug, NB!
3. Kry ekstra houers by bure, vriende en familie.
4. Bring dit skooltoe.

Daar is pryse op die spel vir die leerder en klas wat die meeste houers bring!

“Ou” skool en / of sportklere: Ons versoek u graag om “ou”, en “te klein” skool- en / of sportklere aan die skool se klerewinkel te skenk. Daar is ‘n groot aanvraag vir “tweedehandse” klere. Ek wil u ook versoek om nie skoolklere aan vreemdelinge te gee nie. Dit dra nie ‘n goeie beeld van die skool uit as ons vreemdelinge op straat met ons skool se klere aan sien nie.

BELANGRIKE DATUMS

30 / 31 Augustus:	Stulting Sportnaweek
8-13 September:	Gr. 7 Kaapstadtoer
19 September:	Sport- en Kultuurprysuitdeling
20 September:	Skole sluit

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

---

1 Oktober:	Skole heropen
10 Oktober:	Grondslagfase Kunsuitstalling
15 Oktober:	Grondslagfase Inligtingsaand
17 Oktober:	Akademiese Prysuitdeling
24 Oktober:	Algemene Begrotingsvergadering
7 November:	Finale eksamen begin (Gr. 7)
12 November:	Finale eksamen begin (Gr. 4-6)
21 November:	Eksamen eindig
22 November:	Stulting Speletjiesdag
11 Desember:	Skole sluit

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF